

KOERSVAS



In hierdie uitgawe van Koersvas

- Oproep tot byeenkoms
- Oor die waarheid
- Pietersburg beraad
- Beswaarskrifte

Soos u kan sien, is daar na aanleiding van u voorstelle besluit op die naam: KOERSVAS. Ons hoop dat die KOERSVAS van diens kan wees en sal groei as 'n betroubare bron van inligting en kommunikasie. U deelname is onontbeerlik. Begin deur berigte in te stuur, asook die **name en e-pos adresse** van persone wat na u oordeel op ons **poslys** hoort. Hierdie uitgawe bereik u ietwat later as die voriges. Sekere sake rondom redaksionele beleid moes eers gekonsolideer word.

Oproep tot byeenkoms

Na wye konsultasie het dit duidelik geword dat 'n byeenkoms in November nie net gewens is nie, maar eintlik noodsaaklik is. Elkeen wat ons besorgdheid deel oor die huidige krisis in die NHKA asook in ander geloofsgemeenskappe en ook almal wat hul eens voel met die steeds Hervormers,

word hartlik uitgenooi na die byeenkoms DV **10 November** 2012 by **Premiermyn** Hervormde kerkgebou te Cullinan. Die basis-sakelys sal so gou doenlik uitgestuur word, u word egter uitgenooi om sake vir bespreking deur te stuur. Op die manier kan u deel wees van die opstel van die agenda. Alle insette is baie welkom. Nader aan die datum sal u ook inligting ontvang rondom vergadertye en versoek word om getalle deur te stuur.

Oor die waarheid

Die negende gebod beklemtoon dat God van ons verwag om die waarheid te praat. Die kerk moet hierin vir almal tot voorbeeld wees. Ons is almal skuldig daaraan dat ons soms die waarheid as 'n "geraamte in die kas" hanteer, daarvoor is daar geen verontskuldiging nie. Sogenaamde "geraamtes" word soms ook sonder navorsing *male fidei* (kwaadwillig)

geparadeer, veral indien dit mense verdag kan maak of jou eie optrede kan regverdig. Kontroleer eers enige gerug of vertelling en bly verbind tot die waarheid. *Die Skietlood* het meer hieroor te sê.

Pietersburg beraad

Ons het met dank kennis geneem van 'n kort beraad (in die vorm van 'n werkwinkel) wat in Pietersburg gehou is. Talle goeie gedagtes het losgekom en ons is in kennis gestel dat hierdie sake tydens die 10 November byeenkoms aan almal voorgestel sal word. Sake soos: ons doel, die strukturering van onderlinge bande asook kommunikasie het aan die orde gekom. Dit is veral die verwoording van ons gemeenskaplike doel wat goud werd gaan wees. Baie geluk aan diegene wat die dag gereël het en baie dankie.

Beswaarskrifte

Tydens die KommAKV se buitengewone vergadering van 11 & 12 Oktober het twee van ons predikante voor die kommissie verskyn. Drr Storm en Otto moes beide antwoord op die inhoude van beswaarskrifte. Albei het hul dank

uitgespreek vir die ondersteuning en bemoedigende boodskappe wat hulle ontvang het. Dr Malan Storm het die volgende verklaring vrygestel:

Ek wil graag al die 10 talle mense baie hartlik bedank wat my voor die gesprek geskakel het en ondersteun het op verskeie maniere, dit was werklik 'n riem onder die hart om te weet dat soveel mense aan jou dink en en vir jou bid. Die gesprek het gehandel oor 'n beswaarskrif ingedien deur die ringskommissie van Pretoria, waarin ek bekla word dat ek nie die besluite van 54/69 - en die besluit van die BAKV wil aanvaar nie.

Ons moet maar kennis neem. Enige persoon wat 54/69 verwerp, onderwerp hom of haar skynbaar nie aan die Kerkorde nie en sal vervolgd word.

Baie sterkte aan almal vir hierdie kort einde van die jaar kwartaal. Kom ons dien met ywer die Here en kom ons volhard in ons toewyding. Wederom.

Matteus 10:22 Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word.